**SA MEDIA**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

2

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 0 1 4 | 9 9 0 5 2 6 1 4 6 | 8 1 | 4 B 0 5 |

a

DIE BURGER Jr. 84 Nr. P. 6 Dat. 26 MAY 1999

# SAKP, Cosatu bly grootste struikelblok vir privatisering

VERKIESING'99

**Privatisering** *is in sekere ANC kringe, asook by sy alliansievennote, steeds 'n vloekwoord. Eerstens meen die sentralistiese faksie van die Regering Suid-Afrika se staatskorporasies behoort aan die volk en kan nie sommer aan enigeen verkwansel word nie. Ten tweede vrees veral Cosatu en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party dat baie werkers van dié korporasies onder hul nuwe, doeltreffender eienaarskap op straat sal sit.* **Hein Swart** *van ons politieke redaksie bespreek in die bygaande artikel die gebrek aan vordering met privatisering.*

Geen staat behoort hom regstreeks met die ekonomie te bemoei nie. Hy behoort gevolglik ook nie 'n regstreekse deelnemer daaraan te wees nie.

Dit beteken natuurlik nie dat die staat heeltemal onbetrokke by die ekonomie moet wees nie.

Sy taak moet in die eerste plek beperk wees tot die skepping van 'n gunstige klimaat waarin die private sektor kan gedy, soos stabiele rentekoerse, 'n lae inflasiekoers, 'n gesonde bankstelsel en die uitwissing van misdaad en korrupsie.

Ten tweede moet hy toesien dat die monetêre en fiskale beleid toegepas word en dat ordelike toestande in die finansiële markte heers. Daar moet dus reëls en regulasies wees om verbruikers teen uitbuiting te beskerm en die gladde verloop van die hele ekonomiese stelsel te verseker.

Daar kan egter enkele uitsonderings wees, soos om in landsbelang megaprojekte op die been te bring in gevalle waar die private sektor nie kan of wil nie. Yskor, Sasol, Transnet, Eskom, Telkom en die Poskantoor is en was goeie voorbeelde hiervan.

'n Regering mag egter nie omgepraat word om aan dié instansies te

TREFWOORDE

1 Kabinet
2 Swart Hein
3 verkiesings
4 SAKP
5 Cosatu
6 struikelblokke
7 Privatisering
8
9
10

SA MEDIA
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 1 0 1 4 | Datum 9 9 0 5 2 6 / 4 6 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 4 3 0 5 - 6

DIE BURGER Jr. 84 Nr. P. 6 Dat. 26 MAY 1999

bly vasklou lank nadat hy sy oorspronklike doelwitte bereik en sy betrokkenheid nie meer nodig is nie.

Oor die jare heen het die staat 'n magdom van dié korporasies versamel. Sommige het hy selfs gestig, terwyl hy ander van die ou TBVC lande geërf het. Dit het ingesluit instansies soos vakansie-oorde en reisagentskappe – instansies wat nie die staat se sake behoort te wees nie.

Heelparty van hulle is al verkoop en geprivatiseer, soos Yskor en Sasol, maar die staat sit nog met veel meer waarvan hy nie ontslae wil raak nie. Hy het darem al begin om sommige daarvan van die hand te sit. Groepe soos Sun Air is ten volle verkoop, maar in ander, soos Telkom, is net 'n minderheidsbelang aan die private sektor afgestaan.

Die Regering is die afgelope vyf jaar dikwels gekritiseer dat hy nie vinnig genoeg beweeg om van sy oorblywende staatskorporasies ontslae te raak nie. Afgesien van normale ekonomiese faktore is die grootste enkele rede vir dié traagheid die weerstand wat Cosatu en die SAKP elke keer bied wanneer net aan privatisering gedink word.

Baie van dié korporasies het te veel werkers en van hulle sal beslis deur hul nuwe eienaars afgedank moet word. Hiervan wil die vakbonde niks weet nie, en weens die sterk invloed wat hulle by die Regering het, slaag hulle telkemale daarin om óf die privatisering te vertraag óf dit heeltemal in die wiele te ry.

Deur gehoor hieraan te gee, skiet die Regering homself egter in die voet. Dit is binne sy vermoë om sy berg skuld feitlik oornag te laat verdwyn, maar weens sy traagheid was die opbrengs hieruit tot dusver maar 'n druppel aan die emmer.

Die Regering het vanjaar begroot vir 'n tekort van R25,1 miljard. As hy net een groot staatskorporasie van die hand sou sit, kan hy so 'n begrotingstekort tot nul verminder en nóg geld oorhou om heelparty huise, skole en klinieke te bou.

Die staat het die afgelope vyf jaar egter in totaal nog net R7,17 miljard uit die gedeeltelike of algehele privatisering van openbare ondernemings verdien, waarvan net R2,69 miljard vir die delging van skuld gebruik is. Dit is minder as die R7,6 miljard wat die staat net uit die verkoop van sy opgepotte olie-oorskotte verdien het.

Altesame R4 miljard is in vanjaar se Begroting bewillig vir die delging van staatskuld uit die inkomste wat in die nuwe boekjaar gekry gaan word deur die voortgesette herstrukturering van die ondernemings. Dit sluit 'n paar miljard van Sasria se opgehoopte reserwes in.

Die grootste enkele inkomste wat die staat tot dusver verdien het uit privatisering, was die R5,63 miljard wat hy geïn het uit die verkoop van 'n belang van 30% in Telkom aan twee oorsese groepe.

Voorts het die staat reeds R42 miljoen ontvang uit die verkoop van Sun Air. Dit is slegs die helfte van die verkoopprys, en die res sal aanstaande jaar ontvang word.

'n Belang van 20% in die Lughawensmaatskappy is vir R819 miljoen aan Aeroporti di Roma verkoop, terwyl nog 4,2% (uit 'n totaal van 10% wat vir swart bemagtiging uitgesit is) vir R173 miljoen van die hand gesit is.

Altesame R510 miljoen is geïn uit die verkoop van ses radiostasies wat voorheen deel van die SABC was.

Aventura is vir R93 miljoen aan Cosatu se Kopano ke Matla verkoop, maar die transaksie is intussen gekanselleer omdat Kopano in gebreke gebly het om die eerste paaiement voor die aanbreek van die spertyd aan die einde van Maart te betaal.

**● In die volgende aflewering kom die groot skuldelas van individue en die staat aan die beurt.**

TREFWOORDE
1 ....
2 ....
3 ....
4 ....
5 ....
6 ....
7 ....
8 ....
9 ....
10 ....